Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2025

# GEOGRAFIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INFORMASIE

1. HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT TWEE AFDELINGS.

   AFDELING A
   VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (60)
   VRAAG 2: DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60)

   AFDELING B
   VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.

3. ALLE diagramme is by die VRAESTEL ingesluit.

4. Laat ŉ reël oop tussen die onderafdelings van die vrae wat jy beantwoord.

5. Begin ELKE vraag bo-aan ŉ NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.

9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of ŉ lys moet maak.

10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1020 hPa, 14 °C en 45 m.

11. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

12. Jy mag ŉ vergrootglas gebruik.

13. Skryf netjies en leesbaar.

## SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INFORMASIE VIR AFDELING B

14. ŉ 1 : 50 000 topografiese kaart 2726DC ODENDAALSRUS en ŉ 1 : 10 000 ortofotokaart 2725DC 14 ODENDAALSRUS word verskaf.

15. Die gebied wat in ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, verteenwoordig die gebied wat deur die ortofotokaart gedek word.

16. Punte sal toegeken word vir stappe in berekeninge.

17. Jy moet die topografiese en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie aan die opsiener oorhandig.


Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

## VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

1.1 Verwys na die skets hieronder wat landelike nedersettings **(A** en **B)** in die suidelike halfrond toon. Voltooi die stellings in KOLOM A met die opsies in KOLOM B. Skryf slegs **Y** of **Z** langs vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 Z.




[Eksaminator se eie skets]

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Nedersetting **B** is 'n ... nedersetting. | **Y** droë-punt<br>**Z** nat-punt |
| 1.1.2 | Die standplaas van nedersetting **A** word beïnvloed deur sy ligging op 'n ... helling | **Y** suid-frontende<br>**Z** noord-frontende |
| 1.1.3 | Die grondgebruik wat met nedersetting **B** geassosieer word, is ... | **Y** landbou<br>**Z** bosbou |
| 1.1.4 | Die vorm van nedersetting **A** is ... | **Y** kruispad<br>**Z** liniêer |
| 1.1.5 | 'n Sosiale nadeel van nedersetting **B** is ... | **Y** minder veiligheid<br>**Z** minder wins |
| 1.1.6 | Nedersettings **A** en **B** is ... | **Y** enkel-funksioneel<br>**Z** multi-funksioneel |
| 1.1.7 | Die fisiese faktor wat die standplaas van 'n nedersetting **B** beïnvloed het ... | **Y** Toegang tot die pad<br>**Z** vrugbare grond |
| 1.1.8 | Die kernnedersettingspatroon: | **Y** Nedersetting **A**<br>**Z** Nedersetting **B** |

(8 x 1) (8)




Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.8 D

1.2.1 ŉ Nedersetting se posisie op die stedelike hierargie word bepaal deur …

A bevolking grootte.
B fisiese grootte.
C funksie.
D ligging.

Verwys na die skets hieronder om VRAE 1.2.2 en 1.2.3 te beantwoord.




[Bron: Eksaminator se eie skets]

1.2.2 ŉ ... het die minste aantal nedersettings.


A Boeredorpie
B Dorp
C Megalopolis
D Metropool

1.2.3 In vergelyking met ŉ stad, het ŉ metropool ŉ ... bevolking met ... funksies.

A kleiner; minder
B groter; meer
C kleiner; meer
D groter; minder


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.


1.2.4 Suid-Afrika se hoogste stedelike nedersetting soos hieronder uitgebeeld is 'n:




[Adapted from https://ui.adsabs.harvard.edu]

A Megalopolis
B Konurbasie
C Metropool
D Metropolitaans

Verwys na die skets hieronder om VRAE 1.2.5 tot 1.2.7 te beantwoord.




[Bron: Eksaminator se eie skets]

1.2.5 'n ... is 'n stedelike gebied wat goedere en dienste aan die omliggende landelike bevolking verskaf.

A gespesialiseerde stad
B sentrale stad
C deurgang nedersetting
D sentrale plek


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.2.6 Brood is ŉ ... kommoditeit wat gereeld gekoop word as gevolg van sy ... aanvraag.

(i) hoë orde
(ii) lae orde
(iii) hoë
(iv) lae

A (ii) en (iii)
B (i) en (iii)
C (i) en (iv)
D (ii) en (iv)

1.2.7 ŉ Universiteit het ŉ ... drempelbevolking en sy reikwydte is tipies ...

(i) laag.
(ii) hoog.
(iii) klein.
(iv) groot.

A (i) en (iii)
B (ii) en (iv)
C (ii) en (iii)
D (i) en (iv) (7 x 1) (7)

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.3 Verwys na die uittreksel en spotprent oor grondhervorming as 'n kwessie van sosiale geregtigheid.

**MATSAMO CPA-PROJEKTE: 'N SUKSES VAN GRONDHERVORMING**

Met byna 75% van Suid-Afrikaanse grondhervormingsprojekte wat as onproduktief beskou word, verteenwoordig die Matsamo Community Property Association (CPA) in Mpumalanga een van die min suksesverhale.

In 1998 het byna 2 000 gesinne uit die Matsamo-gemeenskap grondeise ingedien. Uiteindelik het die regering die eerste erwe in 2010 begin restitueer deur die "gewillige koper, gewillige verkoper"-beleid. Om te verseker dat die grond produktief bly, het die begunstigdes met die voormalige (vorige) plaaseienaars saamgewerk.

Vandag bestuur die Matsamo CPA meer as 13 000 hektaar grond wat in 25 pakkies verdeel is. Die geraamde totale waarde van grond is sowat R1 miljard en word vir die kommersiële produksie van gewasse aangewend.

Die sukses van hierdie vennootskappe wys hoe doeltreffende samewerking tussen nuwe grondbegunstigdes en die voormalige grondeienaars betekenisvol kan bydra tot grondhervorming in Suid-Afrika.




[Aangepas vanuit https://www.farmersweekly.co.za/opinion/by-invitation]

1.3.1 Wat is *grondrestitusie?* (1 x 2) (2)

1.3.2 Haal bewyse uit die uittreksel aan wat aandui dat suksesvolle grondhervormingsake in Suid-Afrika skaars (ongewoon) is. (1 x 1) (1)

1.3.3 Waarom kan die 'gewillige koper, gewillige verkoper'-beleid grondhervormingspogings in Suid-Afrika vertraag? (1 x 2) (2)

1.3.4 Identifiseer uit die spotprent TWEE voordele van die vennootskap vir die begunstigdes. (2 x 1) (2)

1.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls verduidelik die belangrikheid van samewerking (vennootskappe) (antwoord op VRAAG 1.3.4) om die doel van grondhervorming te ondersteun. (4 x 2) (8)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.


1.4 Verwys na die inligting oor grondgebruiksones in Kaapstad.

**KAAPSTAD SE SENTRALE SAKEKERN (SSK)**

Kaapstad se Sentrale Sakekern (SSK) vertoon 'n goed gedefinieerde morfologiese struktuur met 'n roosterstraatpatroon en 'n hoë mate van toeganklikheid. Die uitbreiding van die middestad na die oorgangsone is reeds aan die gang. Hierdie groei weerspieël 'n natuurlike uitwaartse uitbreiding van die middestad wat gedryf word deur ruimtebeperkings in die stedelike kern.

FOTO VAN DIE SSK









[Aangepas vanuit www.bizcommunity.com]

1.4.1 Identifiseer TWEE kenmerke van die SSK vanaf die foto. (2 x 1) (2)

1.4.2 Verskaf bewyse vanaf die kaart om die hoë toeganklikheid van die SSK-grondgebruiksone aan te toon. (2 x 1) (2)

1.4.3 Hoe bevoordeel die SSK se hoë mate van toeganklikheid pendelaars? (2 x 1) (2)

Verwys na die oorgangsone.

1.4.4 Waarom het die oorgangsone 'n onreëlmatige vorm? (1 x 1) (1)

1.4.5 Beskryf die sosiale toestande wat kenmerkend is van die oorgangsone. (1 x 2) (2)


1.4.6 Verduidelik die positiewe ekonomiese impak wat die SSK op die oorgangsone het. (3 x 2) (6)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.5 Verwys na die grafiek en uittreksel hieronder oor behuisingstekorte wat verband hou met vinnige verstedeliking.

**DIE VLAK VAN VERSTEDELIKING IN SUID-AFRIKA**




Baie mense migreer na stede op soek na beter ekonomiese geleenthede, kwaliteit onderwys en betroubare gesondheidsorg. Die neiging van Suid-Afrika se vinnige verstedeliking het beduidende druk op behuising geplaas aangesien die stedelike bevolking die voorsiening van bekostigbare formele behuising oortref het. As gevolg hiervan word baie inwoners met ŉ lae inkomste gedwing om hulle in informele nedersettings of laekoste-behuisingsontwikkelings aan die stedelike periferie te vestig.

[Aangepas vanuit https://www.witpress.com/]

1.5.1 Wat is *verstedeliking?* (1 x 2) (2)

1.5.2 Verskaf bewyse uit die grafiek om te wys dat die vlak van verstedeliking in Suid-Afrika toegeneem het. (1 x 1) (1)

1.5.3 Identifiseer uit die uittreksel TWEE sosiale trek-faktore in die stedelike gebied. (2 x 1) (2)

1.5.4 Watter ekonomiese faktore verhoed munisipaliteite om genoeg formele behuising aan sy stedelike bevolking te verskaf? (2 x 2) (4)

1.5.5 Verduidelik die ekonomiese ongeregtigheid vir lae-inkomste inwoners wat in die stedelike periferie woon. (3 x 2) (6)

**[60]**




Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Verwys na die grafiek hieronder. Voltooi die stellings in KOLOM A met die opsies in KOLOM B. Skryf slegs **Y** of **Z** langs vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.9 Z.

**BYDRAE (%) VAN DIE SUID-AFRIKKANSE BBP (2024)**




[Aangepas uit: https://intergest.co.za/]

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Die totale waarde van alle goedere en dienste wat in 'n gegewe tydperk in 'n land geproduseer word | **Y**<br>**Z** | BBP<br>BNP |
| 2.1.2 | Konstruksie is 'n voorbeeld van 'n aktiwiteit in die ... ekonomiese sektor. | **Y**<br>**Z** | sekondêre<br>tersiêre |
| 2.1.3 | Die primêre ekonomiese sektor het ...% tot die BBP bygedra. | **Y**<br>**Z** | 2.9<br>11.3 |
| 2.1.4 | Die ... sektor is die belangrikste bydraer tot Suid-Afrika se ekonomie in terme van die BBP. | **Y**<br>**Z** | kwaternêre<br>tersiêre |
| 2.1.5 | Die ... van elektrisiteit en gas is 'n tersiêre ekonomiese aktiwiteit. | **Y**<br>**Z** | verspreiding<br>produksie |
| 2.1.6 | Die sekondêre ekonomiese aktiwiteit wat die meeste tot die BBP bygedra het. | **Y**<br>**Z** | Finansies<br>Vervaardiging |
| 2.1.7 | Die primêre aktiwiteit wat die minste tot die land se BBP bygedra het is ... | **Y**<br>**Z** | landbou<br>mynbou |
| 2.1.8 | Vervoer is deel van die ... ekonomiese sektor. | **Y**<br>**Z** | tersiêre<br>kwaternêre |

(8 x 1) (8)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.2 Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae oor die tipe nywerhede. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.8 D.

2.2.1 ŉ Voorbeeld van ŉ ligte nywerheid:

A Skeepsbou
B Motor vervaardiging
C Klere produksie
D Staal smelting

2.2.2 Die belangrikste faktor vir die ligging van ŉ mark georiënteerde industrie:

A Toegang tot grondstowwe
B Beskikbaarheid van arbeidsmag
C Goedkoop grond
D Nabyheid aan verbruikersmark


2.2.3 Alomteenwoordige nywerhede word wyd versprei omdat hulle ...

A baie oop grond benodig.
B vervoer fasiliteite vir grootmaat benodig.
C bederfbare goedere produseer.
D op enige plek kan bestaan.

2.2.4 ŉ Ongebonde industrie is/word …

A afhanklik van die internet en geskoolde arbeid.
B bepaal deur toegang tot sy markte.
C beïnvloed deur sy hoë energiebehoeftes.
D gekoppel aan ŉ spesifieke grondstofbron.

Verwys na die industrieë hieronder om VRAE 2.2.5 tot 2.2.7 te beantwoord.




[Aangepas uit https://www.investopedia.com]

2.2.5 Kenmerke van die industrie **P**:

(i) Geleë aan die stedelike periferie
(ii) Geassosieer met hoë vlakke van besoedeling
(iii) Vereis lae kapitaalbelegging
(iv) Produseer klein verbruikersgoedere

A (ii) en (iii)
B (i) en (ii)
C (iii) en (iv)
D (i) en (iv)

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.2.6 Die... industrie **(Q)** maak doeltreffende oordrag van goedere van een vervoermiddel na ŉ ander moontlik.


A vragverbrekings
B ongebonde
C alomteenwoordige
D markgeoriënteerde

2.2.7 Die grondstof-georiënteerde bedryf **(R)** is strategies geleë om ...

A produkte vinnig na die mark te vervoer.
B vervoerkoste van grootmaat grondstowwe te verminder.
C toeganklik te wees vir verspreidingsnetwerke.
D die koste van die vervoer van voltooide goedere te verminder.

(7 x 1) (7)

2.3 Verwys na die kaart en uittreksel hieronder oor Suid-Afrika se suikerrietboerdery.




[Adapted from https://sasa.org.za/the-sugar-industry]

Daar was ŉ beduidende afname in suikerrietproduksie in Suid-Afrika. Een van die belangrikste bydraende faktore tot hierdie afwaartse neiging was die instelling van die Gesondheidsbevorderingsheffing (algemeen bekend as die suikerbelasting) wat in 2018 geïmplementeer is. Die verminderde binnelandse vraag na suiker het suikerverkope met 250 000 ton laat daal.

Studies skat dat ongeveer 16 000 werksgeleenthede verlore gegaan het, wat meer as 9 700 onder rietprodusente alleen insluit. Die heffing hou ŉ bedreiging in vir die toekomstige lewensvatbaarheid van suikerrietboerdery, veral vir kleinskaalse boere in die platteland van KwaZulu-Natal, wat die meerderheid van Suid-Afrikanse 22 000 suikerrietprodusente verteenwoordig.

[Aangepas uit https://www.statista.com/production-of-sugar-from-sugar-cane]

2.3.1 Identifiseer op die kaart TWEE fisiese (natuurlike) faktore wat suikerrietboerdery in KwaZulu-Natal bevorder. (2 x 1) (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.


2.3.2 Volgens die uittreksel, wat het veroorsaak dat die binnelandse vraag na suiker afgeneem het? (1 x 1) (1)

2.3.3 Wat is die negatiewe ekonomiese impak van ŉ verminderde binnelandse vraag na suiker op kleinskaalse suikerrietboere? (2 x 2) (4)

2.3.4 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die ekonomiese belangrikheid van suikerrietboerdery vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4 x 2) (8)

2.4 Verwys na die kaart en uittreksel hieronder oor die Maputo Korridor (ROI)

**DIE MAPUTO KORRIDOR (ROI)**




Die Maputo-korridor word wyd erken as een van die oudste en suksesvolste ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe (ROI's) in Suider-Afrika. Die Maputo-korridor is die kortste en doeltreffendste roete (pad en spoor) wat Suid-Afrika se kernnywerheidsstreek, die PWV, deur die hawe van Maputo met die Indiese Oseaan verbind. Met daaglikse verkeer van gemiddeld 1 600 swaar vragmotors en ŉ jaarlikse volume van ongeveer 30 miljoen ton, bied die gang meer koste-effektiewe toegang tot internasionale markte, wat sleutelsektore soos mynbou en vervaardiging grootliks bevoordeel.

Langs hierdie korridor ervaar dorpe en stede soos Nelspruit (Mbombela) en Komatipoort ekonomiese groei wat deur industriële desentralisasie aangedryf word. Baie besighede verskuif vervaardigings-, logistiek- en landbouverwerkings-fasiliteite na hierdie sentrums om koste te verminder en opeenhoping in groot stedelike gebiede te verlig.

[Aangepas uit www.freightnews.stagingcopy.co.za/]

2.4.1 Identifiseer die buurland waarmee Suid-Afrika via die Maputo-korridor verbind is. (1 x 1) (1)

2.4.2 Noem TWEE tipes vervoerinfrastruktuur wat Suid-Afrika met Maputo verbind langs die Maputo-korridor. (2 x 1) (2)

2.4.3 Volgens die uittreksel, hoekom is die hawe van Maputo voordelig vir die mynbou- en vervaardigingsbedrywe in die PWV? (2 x 1) (2)

2.4.4 Verduidelik waarom die Maputo-korridor ŉ positiewe sosiale impak in Nelspruit (Mbombela) en Komatipoort sal hê. (2 x 2) (4)




Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.4.5 Verduidelik die negatiewe ekonomiese impak wat internasionale reëlings soos die Maputo-korridor kan hê op die vloei van Suid-Afrikaanse goedere wat vir die uitvoermark bestem is. (3 x 2) (6)

2.5 Verwys na die infografika oor die Suid-Afrikaanse informele sektor.



**BANKKAARTMASJIENE (%) IN DIE INFORMELE SEKTOR**




**BANKKAARTMASJIENE WAT DIE INFORMELE SEKTOR TRANSFORMEER**

Informele besighede neem toenemend kaartmasjiene en digitale betalings aan in plaas daarvan om net op kontant staat te maak. Hierdie verskuiwing verbeter hul veiligheid deur die risiko en koste verbonde aan die hantering van kontant, soos diefstal en bankdepositofooie, te verminder. Dit stel hulle ook in staat om meer kliënte te bedien, geld te spaar en ŉ rekord van verkope op te bou. Oor die algemeen bevorder om kontantloos te wees finansiële insluiting en ondersteun dit die integrasie van informele handelaars in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

[Aangepas uit https://techcentral.co.za/south-africa-informal-sector]

2.5.1 Wat is die *informele sektor?* (1 x 2) (2)

2.5.2 Verskaf bewyse uit die foto dat die informele handelaar banktegnologie in haar besigheid geïntegreer het. (1 x 1) (1)

2.5.3 Volgens die grafiek, watter tipe informele handelaar het die grootste toename in toegang tot bankkaartmasjiene gehad? (1 x 1) (1)

2.5.4 Gee ŉ rede vir jou antwoord op VRAAG 2.5.3. (1 x 1) (1)

2.5.5 Wat is die sosiale voordele vir die verbruikers (kliënte) wat gebruik maak van bankkaartfasiliteite wat deur informele handelaars gebruik word (antwoord op VRAAG 2.5.3)? (2 x 2) (4)

2.5.6 Verduidelik hoe toegang tot kaartmasjiene informele besighede help om meer ekonomies veilig te word. (3 x 2) (6)

**[60]**




Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING B

### VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

**ALGEMENE INLIGTING OOR ODENDAALSRUS**




Koördinate: 27°52‘S; 26°41‘O
‘

Odendaalsrus, geleë in die Vrystaat Provinsie van Suid-Afrika, is in 1899 as ŉ landelike boerderydorp gestig. Die transformasie daarvan het in 1946 begin met die ontdekking van goud wat dit in ŉ belangrike mynsentrum verander het. As deel van een van die wêreld se rykste goudproduserende streke het dit ŉ sleutelrol in Suid-Afrika se middel-20ste-eeuse ekonomiese ontwikkeling gespeel. Alhoewel goudproduksie sedertdien afgeneem het, bly mynbou deel van die plaaslike ekonomie. Die dorp is goed verbind deur hoofpaaie, insluitend die R30 en R34, wat dit met Welkom, Virginia en Kroonstad verbind.

The following English term and their translations are shown on the topographic map:

| **ENGLISH** | **AFRIKAANS** |
|---|---|
| Slimes Dams | Slykdamme |
| Diggings | Uitgrawings |


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.1 **KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE**

Verwys na die topografiese kaart en die ortofotokaart. VIER opsies word gegee vir die vrae hieronder. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 en 3.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 3.1.3 A.


3.1.1 Volgens sy funksie is Odendaalsrus 'n ... -dorp.

A gespesialiseerde
B poort
C aansluitings
D vervoer (1 x 1) (1)

3.1.2 Op die topografiese kaart, in blok **D1**, dui die … hoogte (1336.9) in meter aan.

A punthoogte
B trigonometrical station
C kontoerlyn
D padhoogte (1 x 1) (1)

3.1.3 Verwys na die deursnit van **1** tot **2** op die ortofotokaart.




(a) Wat is die verhoudingskaal van die ortofotokaart? (1 x 1) (1)

(b) Gebruik jou antwoord van VRAAG 3.1.3(a) om die vertikale vergroting vir die deursnit te bereken.


Formule: $\boldsymbol{Vertikale\ Vergroting} = \frac{\textbf{Vertikale Skaal (VS)}}{\textbf{Horisontale Skaal (HS)}}$

(3 x 1) (3)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

(c) Verduidelik die effek van die gebruik van 'n groter vertikale vergroting (antwoord op VRAAG 3.1.3(b) in vergelyking met 'n laer een, soos hieronder getoon.




(1 x 2) (2)

(d) Die gemiddelde gradiënt tussen **1** en **2** is 1 : 44. Verduidelik waarom dit as 'n geleidelike gradiënt beskou word. (1 x 2) (2)

3.2 **KAART INTERPRETASIE**

3.2.1 Identifiseer die dominante (hoof) stratepatroon van "Ou Dorp" (blokke **B2** en **B3**) in Odendaalsrus. (1 x 1) (1)

3.2.2 Hoe het die topografie van Odendaalsrus die ontwikkeling van die straatpatroon ondersteun (antwoord op VRAAG 3.2.1)? (1 x 1) (1)

Verwys na die ANGLOGOLD-myn in **A4/A5.**

3.2.3 In watter grondgebruiksone is hierdie myn geleë? (1 x 1) (1)

3.2.4 Watter omgewingskwessies wat deur hierdie myn veroorsaak word, kan die inwoners in die grondgebruiksone beïnvloed (antwoord op VRAAG 3.2.3)? (2 x 1) (2)


Verwys na die VRYSTAAT GEDULD GOUDMYN in blokke **E2-E5.**

3.2.5 Identifiseer die vervoerinfrastruktuur wat die ontwikkeling van hierdie myn bevorder (gehelp) het. (2 x 1) (2)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.2.6 Verwys na die grafiek hieronder wat Suid-Afrika se goudproduksie oor tyd toon.





[Aangepas uit www.schiffgold.com/key-gold-news]

(a) Hoe het Suid-Afrika se goudproduksie oor die tydperk van 40 jaar verander? (1 x 1) (1)

(b) Hoe word die ekonomie van Odendaalsrus negatief beïnvloed deur die tendens in goudproduksie (antwoord op VRAAG 3.2.6(a)? (2 x 2) (4)

3.3 **GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

Verwys na die prente hieronder wat die Slykdamme in Blok **E1** op die topografiese kaart toon **(P)**.




[Aangepas uit https://www.google.com/maps]

3.3.1 Die beelde is met behulp van (data-integrasie/afstandswaarneming) verkry. (1 x 1) (1)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.3.2 Meld of die volgende data met betrekking tot **P** ruimtelike- of attribuutdata is:

(a) 27°55'S; 26°39'O (1 x 1) (1)

(b) Kapasiteit van 2,5 miljoen m³ (1 x 1) (1)

3.3.3 Waarom is datastandaardisering nodig voordat hierdie TWEE beelde in GIS gebruik word? (1 x 2) (2)

3.3.4 Watter proses sal gebruik word om hierdie rasterdata in vektorformaat om te skakel? (1 x 1) (1)

3.3.5 Verwys na blok **D1** op die topografiese kaart en teken die blok oor in jou antwoordeboek.

Dui die volgende verskynsels aan wat toon dat Odendaalsrus seisoenale maar lae reënval het wat die beskikbaarheid van oppervlakwater beperk.

(a) Mensgemaakte puntverskynsel (1)

(b) Poligoon verskynsel (1)
**[30]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# GEOGRAFIE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## AFDELING A:

## VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | Y (1) | | |
| | 1.1.2 | Z (1) | | |
| | 1.1.3 | Y (1) | | |
| | 1.1.4 | Z (1) | | |
| | 1.1.5 | Y (1) | | |
| | 1.1.6 | Y (1) | | |
| | 1.1.7 | Z (1) | | |
| | 1.1.8 | Y (1) | (8 x 1) | (8) |
| 1.2 | 1.2.1 | C (1) | | |
| | 1.2.2 | C (1) | | |
| | 1.2.3 | B (1) | | |
| | 1.2.4 | B (1) | | |
| | 1.2.5 | D (1) | | |
| | 1.2.6 | A (1) | | |
| | 1.2.7 | B (1) | (7 x 1) | (7) |
| 1.3 | 1.3.1 | Proses om mense (met grond of finansieel) te vergoed vir die grond wat hulle verloor het as gevolg van gedwonge verwyderings. (2)<br>**[KONSEP]** | (1 x 2) | (2) |
| | 1.3.2 | "met byna 75% van Suid-Afrikaanse grondhervormingsprojekte wat as onproduktief beskou word ..." | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.3 | Vertragings in onderhandeling (aanvaar voorbeelde) (2)<br>Geskille (aanvaar voorbeelde) (2)<br>Die grys areas in beleid (2)<br>Stadige regs/administratiewe proses (2)<br>Politieke invloed/korrupsie (2)<br>Opportunisme (aanvaar voorbeelde) (2)<br>Begrotingsbeperkings (2)<br>**[ENIGE EEN]** | (1 x 2) | (2) |
| | 1.3.4 | Tegniese kennis (1)<br>(Kommersiële) boerdery vaardighede (1)<br>Ondervinding (1)<br>**[ENIGE TWEE]** | (2 x 1) | (2) |


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.3.5 ʼn Meer stabiele landelike gemeenskap word gebou (2)
Groter produktiwiteit/groter opbrengste (2)
Verhoog voedselsekerheid (2)
Vennootskappe skep werk (aanvaar voorbeelde) (2)
Werksgeleenthede verminder armoede (2)
Voordele van bestaande besigheidsnetwerke (aanvaar voorbeelde) (2)
Verbeterde toegang tot markte (2)
Grond word op ʼn volhoubare wyse gebruik (2)
Vaardighede word ontwikkel (aanvaar voorbeelde) (2)
Inklusiwiteit word bevorder (2)
Kommersiële boerdery skakel met ekonomiese groei (2)
Vinniger tydraamwerk om suksesvol te wees (2)
Grootskaalse boerdery word bevorder (2)
Sakevernuf help kommersiële boerdery (2)
Moderne tegnologie geïntegreer (aanvaar voorbeelde) (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

1.4 1.4.1 Hoë gebou digtheid (1)
Hoë geboue/wolkekrabbers (1) (2 x 1) (2)

1.4.2 Busstasie (1)
Treinstasie (1)
(Nasionale) paaie (1)
Konvergensie van vervoerinfrastruktuur (1)
Sentraal geleë (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

1.4.3 Laer vervoerkoste/goedkoper (1)
Verminderde reistyd/vinniger (1)
Veiliger pendel (1)
Verhoogde buigsaamheid (1)
Meervoudige toegangspunte (1)
Geriefliker (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

1.4.4 Invloed van natuurlike kenmerke (aanvaar voorbeelde) (1)
Ongebreidelde stedelike uitbreiding (1)
Uitbreiding van SSK-funksies (1)
Inname en opvolging (1)
Gemengde grondgebruik (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

1.4.5 Misdaad/sekuriteitsbekommernisse (2)
Sosiale euwels (2)
Hoë armoedevlak (2)
Gebrek aan basiese diens (2)
Oorbevolking (2)
Ou/vervalle geboue (2)
Toestroming van buitelanders/vlugtelinge (2)
Instroming van studente (2)
Nie esteties aangenaam nie (2)
Kultureel divers (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.4.6 Toename in eiendomswaarde (2)
Inname en opvolging (2)
Nuwe besighede (aanvaar voorbeelde) (2)
Werkskepping/verhoogde werksgeleenthede (2)
Belegging gelok (aanvaar voorbeelde) (2)
Opgradering/verbeterde infrastruktuur en basiese dienste (2)
Herlewing/vernuwingsprojekte (2)
Verhoogde munisipale inkomste om area te verbeter (2)
Verhoogde kliëntebasis/sirkulasie van geld (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)

1.5 1.5.1 Die proses waardeur ŉ toenemende persentasie/deel van die bevolking van die land in stedelike gebiede woon (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

1.5.2 63,79% tot 68,82% (2014 – 2024) (1)
5,03% toename met verloop van tyd (1) (1 x 1) (1)

1.5.3 Beter onderwys (1)
Beter gesondheidsorg (1) (2 x 1) (2)

1.5.4 Begrotingsbeperkings (aanvaar voorbeelde) (2)
Hoë koste van grond (2)
Grondhersonering is duur (2)
Wantoewysing vir munisipale befondsing/korrupsie (2)
Behuising ontvang ŉ klein deel van die begroting (2)
Stygende bou-/konstruksiekoste (2)
Vertragings in die ontvangs van nasionale befondsing (2)
Beduidende agterstand van behuising (2)
Swak inkomste-invordering (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.5.5 Hoër vervoerkoste (as gevolg van afstand) (2)
Beperk toegang tot werksgeleenthede (2)
Belegging in periferie is nie ŉ prioriteit nie (2)
Swak openbare vervoer verminder kanse om werk te kry (2)
Beperkte besigheidsontwikkeling as gevolg van swak infrastruktuur/basiese dienste (2)
Laer eiendomswaardes (2)
Verhoogde blootstelling aan misdaad aangedryf deur armoede (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)
**[60]**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 2**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.1 | 2.1.1 | Y (1) | | |
| | 2.1.2 | Y (1) | | |
| | 2.1.3 | Z (1) | | |
| | 2.1.4 | Z (1) | | |
| | 2.1.5 | Y (1) | | |
| | 2.1.6 | Z (1) | | |
| | 2.1.7 | Y (1) | | |
| | 2.1.8 | Y (1) | (8 x 1) | (8) |
| 2.2 | 2.2.1 | C (1) | | |
| | 2.2.2 | D (1) | | |
| | 2.2.3 | D (1) | | |
| | 2.2.4 | A (1) | | |
| | 2.2.5 | B (1) | | |
| | 2.2.6 | A (1) | | |
| | 2.2.7 | B (1) | (7 x 1) | (7) |
| 2.3 | 2.3.1 | Beskikbaarheid van water/riviere (1)<br>Subtropiese breedtegrade (1)<br>Breedtegraad (27°S tot 32°S) (1)<br>Oostelike kusgordel (1)<br>Vogtige klimaat (beïnvloed Indiese Oseaan) (1)<br>Subtropiese klimaat (breedtegraad en oseaan) (1)<br>**[ENIGE TWEE]** | (2 x 1) | (2) |
| | 2.3.2 | (Bekendstelling van die) suikerbelasting/<br>Gesondheidsbevorderingsheffing (1) | (1 x 1) | (1) |
| | 2.3.3 | Verminderde verkope (2)<br>Laer inkomste/verminderde winsmarges (2)<br>Onverkoopte oeste/finansiële verlies (2)<br>Suikerriet is hoogs bederfbaar (2)<br>Onvermoë om te betaal (lone/diensverskaffers/bank)<br>Gebrek aan diversifikasie vir ondersteuning (2)<br>Beperkte toegang tot uitvoermarkte om te voorsien (2)<br>**[ENIGE TWEE]** | (2 x 2) | (4) |



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.3.4 Dit verskaf werk (2)
Inkomste ondersteun huishoudelike voedselsekerheid (2)
Verhoog staatsinkomste (deur belastinginvordering) (2)
Vermenigvuldiger-effek/stimuleer ekonomie (aanvaar voorbeelde) (2)
Dra by tot die BBP (2)
Grondstowwe vir sekondêre aktiwiteite (aanvaar voorbeelde) (2)
Stimuleer industriële ontwikkeling (2)
Verbeter infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)
Landelike ontwikkeling/ondersteun landelike lewensbestaan (2)
Uitvoere verdien buitelandse valuta (2)
Moedig landboubelegging aan (2)
Verminder afhanklikheid van die regering (maatskaplike toelaes) (2)
Verminder die behoefte aan voedselinvoer (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

2.4 2.4.1 Mosambiek (1) (1 x 1) (1)

2.4.2 Pad (N4) (1)
Spoor (1) (2 x 1) (2)

2.4.3 Naaste hawe vir uitvoer (1)
Verminder vervoertyd (1)
Verminder vervoerkoste (1)
In staat om grootmaat/groot volumes te hanteer (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

2.4.4 Verminderde armoede as gevolg van meer werksgeleenthede (2)
Verbeterde lewenstandaard veroorsaak deur werksgeleenthede (aanvaar voorbeelde) (2)
Verminderde misdaadvlakke as gevolg van indiensneming (2)
Minder landelike-stedelike migrasie as gevolg van werkskepping (2)
Toegang tot dienste deur verbeterde infrastruktuur (2)
Konnektiwiteit verbeter deur infrastruktuurontwikkeling (2)
Vaardigheidsontwikkeling deur nuwe besighede (2)
Besighede belê meer in gemeenskapsfasiliteite (aanvaar voorbeelde) (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
**[GEEN DEELMERK NIE]**
**[VERDUIDELIKING EN KWALIFISEERDER VEREIS]**

2.4.5 Vertragings weens onrus in Mosambiek (2)
Korrupsie/doeaneprosedures beïnvloed wins (2)
Grensvertragings verhoog koste (2)
Beperkte toegang tot sleutel infrastruktuur (2)
Oormatige afhanklikheid van buitelandse infrastruktuur (2)
Uitvoervertragings veroorsaak gemiste sperdatums (2)
Kompetisie met ander lande in die hawe (2)
Sekuriteitskwessies verhoog koste (aanvaar voorbeelde) (2)
Vertragings/koste as gevolg van swak infrastruktuur (2)
Opeenhoping by hawe vertraag uitvoer (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.5 2.5.1 Ongeregistreerde sakebedrywighede (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

2.5.2 Spoedpuntmasjien (1)
Kaartmasjien (1)
Verkoopspunt (POS) terminaal (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

2.5.3 Spaza Kiosk (1) (1 x 1) (1)

2.5.4 Verhoog van 2% tot 29% (tussen 2019 en 2024) (1)
Verhoog met 27% (vergeleke met 10% en 2% van ander handelaars)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

2.5.5 Minder risiko van diefstal/verlies (aanvaar voorbeelde) (2)
Verhoogde gerief (2)
Bespaar tyd (om toegang tot kontant te kry) (2)
Meer higiënies (2)
Bevorder finansiële insluiting (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.5.6 Lok meer kliënte wat inkomste/wins verhoog (2)
Konsekwente inkomste help om besigheid te laat groei (2)
Minder kontant op die perseel verminder diefstal of verlies (2)
Akkurate rekord laat verkope toe om opgespoor te word (2)
Verminder bankdepositofooie wat wins verhoog (2)
Die bou van finansiële rekords vergemaklik toegang tot krediet (2)
Laat registrasie by diensverskaffers toe om voorafbetaalde koopbewyse te verkoop (aanvaar voorbeelde) (2)
Vinniger betaling aan verskaffers om verhouding te bou (2)
Vereenvoudigde betaalproses wat transaksie-tyd verminder (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)
**[GEEN DEELMERK NIE]**
**[VERDUIDELIKING EN KWALIFISEERDER VEREIS]**

**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 3

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | 3.1.1 | A (1) | | (1 x 1) | (1) |
| | 3.1.2 | D (1) | | (1 x 1) | (1) |
| | 3.1.3 | (a) | 1 : 10 000 (1) | (1 x 1) | (1) |
| | | (b) | Vertikale skaal: 1 cm = 5 m<br>5 x 100 = 500<br>1 : 500 (1)<br>Horisontale skaal: 1 : 10 000<br>$\frac{VI}{HE} = \frac{\frac{1}{500}}{\frac{1}{10\,000}}$ korrekte vervanging (1)<br>$= (\frac{1}{500} \times \frac{10\,000}{1})$<br>= 20 keer (1) | (3 x 1) | (3) |
| | | (c) | Helling lyk steiler (2)<br>Verwronge persepsie (2)<br>Misleidende indruk (2)<br>**[ENIGE EEN]** | (1 x 2) | (2) |
| | | (d) | Vir elke 44 eenhede horisontaal is daar 'n verandering van 1 eenheid. (2)<br>Gradiënt verandering is 2,27% (2)<br>'n Klein verandering in hellings steilheid oor 'n lang afstand (2)<br>**[ENIGE EEN]** | (1 x 2) | (2) |
| | 3.2.1 | Rooster (1) | | (1 x 1) | (1) |
| | 3.2.2 | Plat helling (1)<br>Geleidelike helling (1)<br>Geen groot natuurlike struikelblokke nie (aanvaar voorbeelde) (1)<br>**[ENIGE EEN]** | | (1 x 1) | (1) |
| | 3.2.3 | Landelike-stedelike oorgangsone (1) | | (1 x 1) | (1) |
| | 3.2.4 | Blootstelling aan besoedeling (aanvaar voorbeelde) (1)<br>Waterskaarste (1)<br>Water/grondbesoedeling (1)<br>Geraas en vibrasies (1)<br>Grond agteruitgang (1)<br>Giftige afval (1)<br>Gronderosie (1)<br>**[ENIGE TWEE]** | | (2 x 1) | (2) |


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.2.5 Paaie (aanvaar voorbeelde) (1)
Spoorweë (1)
Kraglyne (1)
Vervoerband (1)
Dienslyn (1)
Skagte (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

3.2.6 (a) Dalend (1) (1 x 1) (1)

(b) Besighede sluit (2)
Verlies aan werk (2)
Verminderde koopkrag/vermenigvuldiger-effek (2)
Afname in nywerheidsontwikkeling (2)
Verminderde munisipale inkomste (2)
Afname in infrastruktuurbelegging (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

3.3.1 Afstandswaarneming (1) (1 x 1) (1)


3.3.2 (a) Ruimtelike (data) (1) (1 x 1) (1)

(b) Attribuut (data) (1) (1 x 1) (1)

3.3.3 Die beelde het verskillende skale (2)
Die skale is nie versoenbaar nie (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.3.4 Data manipulasie (1) (1 x 1) (1)

3.3.5




(2 x 1) (2)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.